23.7 RAPPORT 2 – DEPUTATE PUBLIKASIES – KERKLIKE TYDSKRIFTE – *DIE KERKBLAD* (Art 177)

23.7 REPORT 2 – DEPUTIES PUBLICATIONS – CHURCH JOURNALS – *DIE KERKBLAD* (Art 177)

A. Die voorsitter stel die Rapport.
The chairman tables the Report.
B. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.
The Report will be concluded during the Synod session.

C. **RAPPORT / REPORT**

Verslag van die Redakteur van *Die Kerkblad*	**Report by the Editor of *Die Kerkblad***
Dit is 'n besondere voorreg om verslag te kan doen van die werk in die afgelope termyn. *Die Kerkblad* kon deur die genade van ons hemelse Vader steeds gereeld verskyn.	It is a great privilege to report on the work of the past term. *Die Kerkblad* could, by the grace of our heavenly Father, continue to appear regularly.
Die Redaksie van die afgelope termyn het bestaan uit die Redakteur, bygestaan deur mev Johanna Fourie, prof Sarel van der Walt, ds Cassie Aucamp, mev Venita de Kock, dr Martiens Hermann en dr Jan Lion-Cachet. My hartlike dank aan die Redaksie vir samewerking en hulle waardevolle insette. Veral die werk van mev Johanna Fourie in die administrasie, bladuitleg en keurige versorging van elke uitgawe, is vir die Redakteur van onskatbare betekenis.	The Editorial staff of the past term comprised of the Editor, supported by mrs Johanna Fourie, prof Sarel van der Walt, Rev Cassie Aucamp, mrs Venita de Kock, dr Martiens Hermann and dr Jan Lion-Cachet. My sincere thanks to the editorial staff for their cooperation and valuable input. The work of mrs Johanna Fourie with the administration, page layout and choice appearance of every issue is especially of inestimable value.
Die Redaksie gee voortdurend aandag aan die saak van meer-doeltreffende bemarking, maar ongelukkig met weinig resultate. Die maandelikse onderhoud met die redakteur oor Pretoria FM, kon wel ook voortgaan.	The Editorial staff continuously attend to more effective marketing, but unfortunately with little reward. The monthly interview with the Editor on Pretoria FM could, however, proceed.
Wat die inhoud van *Die Kerkblad* betref, word daar steeds op aktuele temas en onderwerpe gefokus. Wat skrywers betref, word daar, behalwe vir persone uit die geledere van die GKSA, ook van kundiges buite die GKSA gebruik gemaak. Hulle bereidwilligheid en bydraes word hoog op prys gestel. Behalwe die bepaalde temas en onderwerpe word daar ook vanuit die Gereformeerde perspektief op berigte in ander kerklike en openbare media kommentaar gelewer.	The content of *Die Kerkblad* remains focused on current themes and topics. The writers come from both within the GKSA as well as experts outside the GKSA. Their willingness and contributions are highly prized. Aside from the relevant themes and subjects, comment is also offered from the Reformed perspective on reports in other church and public media.
Wat die afgelope termyn betref, word slegs twee sake uitgesonder wat besondere aandag geniet het. In die eerste plek het daar in die Desember 2016/Januarie 2017 uitgawe 'n artikel verskyn in reaksie op die	Only two items of the past term that especially received attention are highlighted here. Firstly, the December 2016/January 2017 issue featured an article on the NWU's Faculty of Theology instituting a professorship

Fakulteit Teologie van die NWU se instelling van ‘n leerstoel in Pentekostalisme en Neo-pentekostalisme en die aanstelling van ‘n Pentekostalistiese teoloog om die leerstoel te beman. Hierdie artikel het heftige reaksie ontlok van die kant van die NWU en die saak is selfs op die Agenda van die Raad van die NWU gehanteer. Met die opstel van hierdie Rapport het die Redaksie egter nog niks weer verneem nie. Die Redaksie moes ongelukkig op versoek van die Kuratorium van die TSP ‘n reeks artikels oor die Pentekostalisme onderbreek in die lig van die sensitiwiteit van die gesprek tussen die GKSA en die NWU.	for Pentecostalism and Neo-Pentecostalism as well as the appointment of a Pentecostal theologian to fill the professorship. This article elicited heated reaction from the NWU and the case was even included on the Agenda of the NWU Council. No further information had been obtained by the Editorial staff at the time of writing this Report. The Editorial staff unfortunately had to interrupt a series of articles on Pentecostalism, upon the request of the Curatorium of the TSP, in light of the sensitivity of the discussion between the GKSA and the NWU.
In die tweede plek is, as deel van die vyfhonderdjarige herdenking van die sestiende-eeuse Hervorming (1517-2017), in elke uitgawe van 2017 aan hierdie belang-rike saak aandag gegee. Ons vertrou dat *Die Kerkblad* op hierdie wyse ‘n beskeie bydrae kon lewer om die Hervorming steeds deel van ons lewende erfenis te maak.	Secondly, as part of the 500-year anniversary of the 16th Century Reformation (1517-2017) each issue of 2017 features this important topic. We trust that *Die Kerkblad* could in this way offer a modest contribution to retain the Reformation as our living heritage.
Dit is ons bede dat ons hemelse Vader *Die Kerkblad* steeds as instrument tot seën en opbou van ons kerke en lesers sal gebruik.	It is our prayer that our heavenly Father will continue to use *Die Kerkblad* as instrument for the blessing and building of our churches and readers.
Besluit: Met hartlike dank kennis geneem.	**Decision: Noted with sincere thanks.**